

Skriflesing: Filippense 2 vers 1 tot 5

Tema: Is jy 'n papie of 'n skoenlapper?

Paulus skryf hierdie brief vanuit die tronk aan die gemeente in Filippi, die eerste Christelike gemeente in Europa. Filippi was 'n stad waar burgers van alle wêrelddele bymekaar gekom het. 'n Ware mengelmoes van mense van uiteenlopende agtergronde en sosiale stande was hier bymekaar.

Die Here oorlaai ons met geskenke. Hoor wat ons alles saam met Jesus ontvang het:

- Die troos in Christus dat Hy ons Verlosser is en dat ons nooit verlore sal gaan nie.
- Sy liefde wat ons lewens onherroepelik verander. Ons ervaar Sy liefde wat Hy in ons werk - ook in ons liefde vir mekaar.
- Die Heilige Gees wat nou in ons woon, ons lewens nuut maak en ons lei.
- Vanuit Heilige Gees in ons vloei daar innige meegevoel en meelewing tussen gelowiges.

Ons kan geen groter geskenk as hierdie op aarde ontvang nie.

Paulus vra dat ons die geskenk wat Jesus aan ons gegee het, sal oopmaak en daaruit gaan leef.

Eintlik sê Paulus: As jy dit werklik ernstig met Jesus bedoel, kan jou lewe nie dieselfde bly nie. Jou verhouding met die Here, sal sigbaar word in jou verhouding met ander mense.

As Christus in ons lewens gekom het, gaan ons eensgesind wees al is ons 'n mengelmoes van mense. Ons gaan nederig wees. Ek gaan die ander hoër ag as myself. Ek gaan nie net aan my eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.

Die Boodskap sê so mooi hoe klink lewe waar Christus en die Heilige Gees in beheer is:

Konsentreer op die dinge waaroor julle saamstem.

Wees lojaal teenoor mekaar.

Voel saam, streef saam, doen saam....

Wees liewer maar die minste sodat ander die meeste kan wees.

Niemand moet net aan homself dink nie. Elkeen moet ook die ander om hom dink.

Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg.

Wanneer ek die gedeelte lees, kry ek die prentjie van twee soorte lewens in my kop. Die eerste prentjie is die van 'n wurm wat homself toespinn in sy eie kokon. Wanneer ek en jy nie toelaat dat Jesus intrek neem in ons lewens nie, is ons lewens nog baie soos 'n papie in 'n kokon. Ek spin my toe in my eie lewe en behoeftes. Die middelpunt van my lewe is ekself. Dit is 'n lewe vol selfsug en eersug.

Ander mense is voorwerpe wat my lewe moet beter maak. Ja, ek sal vriendelik wees en help, maar ek doen dit eintlik maar net sodat mense meer van my sal hou en vir my sal help. Ek verskil gedurig met mense omdat hulle nie dink soos ek nie en nie wil maak soos ek sê nie.

Die enigste persoon wat saakmaak in my lewe is ekself. Ek is net lojaal aan mense wat vir my iets beteken. Dit is 'n kokon-lewe, 'n lewe wat net om myself draai.

Maar daar is ook 'n ander prentjie: Wanneer ek in geloof toelaat dat die Here en die Heilige Gees my lewe oopbreek, verander my kokon-lewe in 'n pragtige skoenlapper - bestaan. 'n Skoenlapper bring kleur vir ander en dra stuifmeel van die een blom na die ander en bring so lewe. Dit verg nie groot inspanning van die skoenlapper nie, want dit is wat skoenlappers doen.

Wanneer jy Christus toelaat in jou lewe, maak Hy 'n positiewe verskil in jou lewe en maak jy 'n positiewe verskil in ander se lewens. Ek het die voorreg om te sien hoe Christus dit deur Christene doen. Waar dit vir die papie in die kokon net om homself gaan, is die skoenlapper daar om aan ander die mooiheid van die lewe te gee.

Met Christus in beheer sal ons eensgesind wees, een in liefde, een van hart en een in strewe. Wanneer ons die Here in ons lewens toelaat, draai ons lewens nie langer om onself, om erkenning of 'n klop op die skouer nie. In die voetspore van die Here dien ek nederig. Ek ag ander hoër as myself en dink ook aan ander se belange.

Dis maklik om die dinge te preek. Maar dit is nie so maklik om dit te leef in die wêreld daarbuite waar ander anders dink en praat as waarvan ek hou nie. Die opoffering wat dit vra om ander te dien, is teen ons selfgesentreerde papie-in-die-kokon-grein in. Dit kom nie vanself nie. Dit is alleen moontlik indien ek die geskenke wat Here my gee elke dag in geloof oopmaak en daaruit leef. Dan sal Hy, soos by die papie in die kokon, in my 'n metamorfose laat plaasvind. Hy verander my van 'n papie na 'n skoenlapper.

Afsluiting

Spin jy jouself toe in jou eie behoeftes en gaan die lewe vir jou net om jouself? Dan moet jy maar tevrede wees met 'n kokon-lewe; 'n alleen lewe wat vir ander mense niks beteken nie en verseker nie die Here bly maak nie.

Of bid jy dat die Here Jesus, deur Sy Gees, jou lewe stukkie-vir-stukkie sal kom oopbreek sodat jy kleur, die liefde, diens en vreugde van Jesus vir ander sal bring?

Is jy 'n papie of 'n skoenlapper?

Amen